



# KAMMANUUS

Nommer 377

16 Junie 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

## TOULEIER



## Ons leer aanpas in 'Dingaans se stat'

### Hoofstuk I Deel II

**D**ie eerste maand bly ek in 'n hotelletjie in Butha Buthe net oor die grens naby Fouriesburg. Die plekkie was darem skoon maar ek het sommer gou gou die goedkoop plastiek toiletsitplek 'n paar keer stukkend gesit tot groot ergernis van die eienaar.

Gelukkig was ek net saans daar en vroeg in die oggende weer weg. Elke dag het ons lang ente grondpad gery en as ek aand laat daar aankom, was die holrug enkelbedjie 'n welkome gesig. Dis daar ook waar ek geleer bottelwater drink het. Vandag sit ek en Kamermaatjie nie meer ons mond aan kraanwater nie.

Die tweede maand sluit Annabelle by my aan en verskuif ons na 'n woonwaghuus in 'n padkamp in Leribe.

Onthou, daardie tyd was meeste blankes in Suid-Afrika nog nooit eintlik regtig tot diep binne in 'n lokasie nie. Jy het mos net die ousie daar naby gaan op of aflaaï as dit moet. In Leribe was ons kamp reg in die middel van so 'n *lokasie*. Ons was omring van moddersteenuisies en gehuggies van sinkplaat. Vandag se plakkerskampe in Suid-Afrika was toe reeds die dorpie van Lesotho. Steeds derdewêrelds na meer as twintig jaar se onafhanklikheid.

Die kamp het aan 'n Ierse kontrakteur behoort wat besig was om die teerpad bo-oor die Mafika Lisiu-bergpas te bou. Dis dieselfde pad wat vandag na die Katsedam loop. Mafika bereik 'n hoogte van 3500m bo seespieël en is gereeld toegesneeu in die winter. Dis ook hier waar ons gereeld die skaars lammer-vangers opgemerk het.

Langs die sekuriteitsheining om ons kamp is 'n groot stuk oop grond: Die dorpie se sokkerveld. Die baie skole in die omgewing se kinders het elke middag daar bymekaar gekom en daar was dus gedurig mense en kinders naby die heining-draad. As agterdochtige witmense uit die 'beskawing' was ons aanvanklik maar baie senuweeagtig en het ons lig geslaap met die een oog altyd oop.

Leribe is sowat 60km anderkant die grens. Hier kry ons toe ons eerste smakie van hoe dit voel om saam met ander nasies van die wêreld saam te leef en te werk. Komende van die myne, waar 'n swartman net 'n arbeider is, vind ek skielik hier in Lesotho dat die rolle omgedraai is. Hier is hy nie net my eweknie nie, hy is ook my baas. Dit kos drastiese en vinnige aanpassing. Al ken hulle ook die myntaal Fanagalo, sal niemand hier erken dat hy dit verstaan nie. Nie hier tussen sy eie mense nie. Dis die taal van die onderdrukker en die slawedrywer daar op die myne. Dit was ons eerste en belangrikste les van in die buiteland werk.

In 'n ander man se land is en bly jy die besoeker. Gedra jou soos een en jy word aanvaar.

Om die mensemengsel net meer interessant te maak, is die plek 'n internasionale gemeenskap in die klein. Duitsers, Franse, Russe, Italianers, Filippyne, Sjinese, almal saam in 'n klein konstruksiekampie. Gelukkig was daar ook 'n klompie ander Suid-Afrikaners op soek na groener weivelde en beter soldy. So ons kon steeds op 'n manier laer trek in tye van nood, hier in Dingaan se stat.

Dit was egter net die regte mengsel van kulture om ons te speen van ons gemaklikheid en ou gewoontes en so word ons stelselmatig uit die loopgraaf gelig.

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## Kinderlike onskuld

Die arme kindertjies sing dikwels maar net sonder dat hulle die vaagste benul het waarom hulle sing -- of omgee wat dit beteken. Elke vergissinkie kostelik in sy onskuld.

- ♦ My vrou moes die graad tweetjies reghelp toe sy die volgende teëgekome het met The Lord's Prayer: "Lead us not into plantations..."
- ♦ Daar waar in vlekkelose wit - daar waai 'n vrekkerige wind - het ons op laerskool gesing.
- ♦ Die juffrou wou van die kinders weet wat die woord aan die einde van hierdie sin is: "'n Huwelik word gesluit, maar kan later weer ...." Die kinders weet nie, maar die domste dogtertjie steek tog huiwerig haar hand op en sê skugter: "'n Huwelik word gesluit en later weer ... ontlaas."
- ♦ Weer in my klassie Graad 1's ! Hulle sing "Liewe Jesus, sag en teer, sien op my U kindjie neer. Al is ek ook swak en blind.....' maar toe kom dit uit: "Al is ek ook swart en blink. . . !" Dis so dierbaar!
- ♦ Op berge en in dale: "Oom Bertus dra sandale . . ."

## MAAK NOU DAAI GEUT REG!

My vrou het vandag opdrag gegee: "Skat, maak nou die geut se stukkende afvoerpyp reg!"

Wel, soos julle weet, is ek afgetree. Toe nooi ek 'n paar van my maters oor om te help. Een ou het sy soldeerbout saamgebring.

Dit het ons vier ure en 30 biere gekos, maar ons het die ding reggemaak en my maats het dit 'n artistieke flair gegee.

My vrou is sprakeloos.

Ek kan nie wag dat dit weer reën nie.



## Die herkoms van ons gesegdes (31)

**Oorhoeks:** Oorhoeks wees (raak) met iemand (met iemand rusie maak) Om oorhoeks met iemand te wees, is om diagonaal teenoor iemand te staan, byvoorbeeld in 'n kryt. Daaruit het die betekenis van 'n teenstander, 'n vyand ontwikkel.

Om jou oorhoeks te werk, is 'n betekenis wat in Afrikaans ontwikkel het. In Middel-Nederlands het oorhoeks ook haaks beteken – en in Afrikaans het ons ook haaks wees met mekaar, dit wil sê in kwaai-vriendskap lewe of gedurig baklei.

**Opdok:** Iemand moet opdok (iemand moet betaal)

Opdokken in Nederlands het vroeër ook die betekenis gehad van "afskuif, wegstoot"; opdok beteken dus eintlik "geld van jou af te skuif, weg te stoot."

**Opgeskeep:** Met iets iemand opgeskeep sit (nie van iets of iemand ontslae kan raak nie)

Om met iemand opgeskeep te wees, is om met die persoon op 'n skip te vaar en hom dus altyd by jou het. Verder, as dit jou skip is, is jy ook nog verantwoordelik vir hom, en op dié manier is hy 'n oorlas.

**Orig:** Moenie jou orig hou nie (moenie jou met ander se sake bemoei nie) Afgelei van "jou ore oophou" en dus weet wat ander mense doen en jou dan daarby inmeng.

# Duskantkantlander in Anderkantland

## In Akkra is water 'n seën én 'n vloek

**DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou, skryf uit Ghana**

**H**ier in Akkra is 'n algemene sêding: *WAWA*. Dit vertaal in Engels nét so lekker soos in Afrikaans: *Wes Afrika Wen Alweer*. Inwoners van Akkra praat drifting oor water in diesefde trant as oor rugby.

Sien, hierso moet jy water van watertenkerverskaffers af koop. Die plaaslike stadsraadmanne het die Ingelse Ingenieurs in die laat sestigerjare hoeloes te vroeg weggejaag met die aanbreek van uhuru. In die daaropvolgende sestig aar het hulle nog nie die waterpype (ou porseleinsoort) behoorlik kon opgradeer of vervang nie.

As jy dus jy gelukkig is, draai iemand die kraantjie oop wat jou huis se toevoer 'n lekseltjie gee. Dit gebeur so één keer per week – soms vergeet die siel wat daarvoor verantwoordelik is, sommer vir twee weke aanmekaar.

Natuurlik sal jy onvoorwaardelik vrek as jy dit sou waag om die staatswater te drink – dis nét kombuis- en stortwater. Nou hoe gemaak as mammie wil gordyne was, tieners drie stelle klere aan en afskil per dag, vensters gewas en vloere geskrop moet word?

Tipies Suid-Afrikaner, is daar *ma-se-grootte*-plastiektenks aangekoop en soos batterye langs mekaar laat staan. Daai staatstoevoer-water is nie genoeg om een tenk half vol te kry nie, dus moet mens maar kóóp.

Voordat die slinkse boggers jou tenks vol pomp, moet mens maar eers 'n lekseltjie daarvan proe, anders vang hulle jou onkant en stort jy 'n week lank in sout seewater.

Jy leer gou om ook die kleur te bekyk. Daai roesbruin water sal maak dat jy jou hele klerekas moet vervang ná klerewasdag. Maar Boeta, gló my, klokslagmaandeliks is daardie ou staatsfooitjie op jou waterrekening vir *watertoevoer*. En glo my, hulle is nie skaam nie. Dan geld daardie ou Transvaal reël van Kraak en Betaal! *WAWA*.

Drinkwater is 'n anderste balspeletjie so op sy eie. Hier's nie 'n Fruit en Veg waar jy jou eie leë houertjies opvul nie. Jy kóóp trollies vol bokse bottelwater, en elke huis het daardie kantoorgrootte waterkanmasjiene met die kouekraantjie.

Jy sien die mammies met so waterbotteltjie op 'n drafstap aan die inkopies doen. Kinders in veiligheidstoeltjies in warm mouters sit en suig aan hulle waterbottels. Ekself reken mens sal roes van al daai water, dus vir veiligheid verdun ek al my watergedrinkery met 'n spatseltjie whiskey. Onse winkeliers is nie dom ouens nie, water is duurder as 'n bottel bier, maar onse Boeremense is slimmer en koop eerder die goedkoper bottel.

Julle wonder seker hoekom ons nie reënwater opgaar nie? Dis omdat die tropiese storms onse dakke vol blare en takke hou. Ons reën kom in emmersvol met meëgaande vallende palmbome en dakplate wat afwaai. Binne minute stoot die water tot teen die kombuistrappie en na veertig minute dryf die kombuismatjie onder die yskas in.

En sodra dit reën, slaat ons krag af want hulle kry nie die kables waterdig verbind nie. As jy 'n kragopwekker het, kan jy darem nou tenkwater met 'n drukpomp tot in 'n stort kry. En as die brandstofprop weg of af is, vrek die storie omdat die water die brandstof verdun. *WAWA*.

Akkra se vier miljoen mense woon reg langs die see en is gewoond aan droogte en tropiese reënstorms. Na 'n week se oorvloed reëns is die tweejaardroogte verlig, maar ons water vloed.

Vandag is Akkra se koerante volop grufoto's van oorstromings. Dis niks soos die Laingsburg-vloed nie, maar talle mense het wel verdrink. Niemand het 'n noodtoestand verklaar nie, die groot kokkedore vlieg met helikopters heen en weer oor die gebied.

Grafte het oopgespoel. Mense sit op hulle dakke en loop heuphoogte in die water.

BBP's hou perskonferensies by die dosyne terwyl hulle wag op fondse en hulp van nuwe Ingelse ingenieurs. Natuurlik was dit nie die eerste groot vloedwaters nie – sal ook nie die laaste wees nie. *WAWA*.

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## MUISE SPOG

**Veldmuis:** "Ekis so rof ek eet Rattex."

**Huismuis:** "Dis awesome, ek drink Doom vir ontbyt."

**Plaasmuis:** "Ag,, julle verveel my. Ek gaan spyker gou die kat!"

## ARMOEDE

**Vrou:** "My boyfriend is so arm, dis elke dag net pap en seks."

**Vriendin:** "Waar pas die seks in?"

**Vrou:** "Dis al hoe ek vleis in my liggaam kry!"

**Ingestuur deur Tienie Koekemoer**



## VERKEERDE RAAD

'n Vrou staan langs haar kar in 'n parkeerruimte. Sy is op pad om inkopies te gaan doen en wys haar vinger berispens na haar skoothondjie:

"Bly! Bly! BLY!" beveel sy.

'n Man stap verby, maar hy kan nie die hondjie sien nie.

Hy sê toe, ewe uit die hoogte: "Dink jy nie dit sal beter wees as jy die handrem optrek nie?"

## DIE TWEE BASE

Twee metroverkeersmanne stop 'n bakkie met 'n Vry-staatse nommerplaat wat in die buslaan ry.

"Eish! This whiteys dey think dey are cleva," sê die een vir sy maat.

Hulle stap oor na die bakkie.

"Good day, Sir."

"Ja, goeiedag."

"This lane she's for the bus only."

"Ja, man, ek weet. Ek is baas Jan en dis baas Piet."

## GELOOF HELP

**Jan:** "Ek hoor jou vrou het 'n affair. Hoe gaan dit met jou?"

**Piet:** "Ek was platgeslaan. Maar ek het 'n gelowige geword en dit help baie."

**Jan:** "Geloof? Hoe help dit jou?"

**Piet:** "Ek het 'n Moslem geword. Sy word met sonop gestenig."

## SPIEËLSTORIE

'n Boesman kry 'n stuk spieël in die veld, maar hy weet nie wat dit is nie.

Hy skrik toe hy daarin kyk, want hy sien sy oorlede pa. Elke keer as hy na sy pa verlang, kyk hy in die spieël en dan huil hy sy hart uit.

Sy vrou kon dit nie meer vat nie. Sy gryp die ding en kyk daarin. Woedend skree sy vir haar man:

"Jou rubbish! Wie's die lelike vrou oor wie jy so tjank?!"

## MOTORS

As jou vrou wil leer bestuur, moet jy nie in haar pad staan nie.

80% van alle mense dink hulle is buitengewoon goeie bestuurders.

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker en Hart



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



'n Engelsman, 'n Sweed en 'n Rus was besig om die storie van Adam en Eva te bespreek en het probeer uitwerk waar die Tuin van Eden was.

"Natuurlik was dit in Engeland," sê die Engelsman. "Net in Engeland kan twee mense al hul tyd bestee om 'n tuin in perfekte kondisie te hou."

"Nee, jy is verkeerd," sê die Sweed. "Net in Swede kan twee mense poedelkaal loop sonder om verleë te voel."

"Julle is albei verkeerd," grom die Rus.

"Die Tuin van Eden was in Rusland. Nêrens ander in die wêreld kan twee mense wat net 'n appel het om te eet en wat geen klere het om te dra nie steeds dink hulle is in die paradys."

**As vier uit elke vyf mense aan diarree ly, beteken dit die ander een geniet dit?**



Angus Broon van Glagow in Skotland, sukkel met sy gulp en stap na sy vrou. "Maggie," sê hy, "cud ye be sewin on a wee button that's come off of ma fly? I canna button ma troosers."

"Oh, Angus," antwoord sy, "I've got ma hands in the sink, go up the stairs and see if Mrs MacDonald could be helpin ye with it."

Vyf minute later is daar 'n geweldige slag, 'n bietjie geskree en die klank van 'n liggaam wat by die trappe af val.

Angus kom toe by die kombuis ingestap met 'n blou oog en 'n neus wat bloei.

Maggie gee hom net een kyk.

"Good Lord, Angus, what happened tae ye? Did you ask her up the stairs like I told you?"

"Aye," sê Angus.

"I asked her to sew on the wee button, an she did, everything was goin' fine."

"But when she bent doon to bite off the wee thread, Mr MacDonald walked in."



## Eerlikheid betaal nie altyd

Ons onderwyseres het gevra wat my gunsteling dier is, en ek het geantwoord gebraaide hoender.

Sy het gesê ek is nie snaaks nie, maar sy was seker verkeerd, want die ander kinders het gelag.

(My ouers het my geleer om altyd die waarheid te vertel. Ek het. Gebraaide hoender is my geliefkoosde dier.

Ek het my pa vertel wat gebeur het en hy het gesê my onderwyser is seker lid van die SPCA. Hulle is baie lief vir diere. Ek ook. Veral hoender, gepekelde vark en bees. In elk geval, my onderwyseres het my na die hoof se kantoor gestuur. Ek het hom vertel wat gebeur het en hy het ook gelag. Toe sê hy ek moet dit nie weer doen nie.

Die volgende dag in die klas vra die onderwyseres weer vir my watter lewendige dier is my gunsteling. Ek sê toe dis beslis hoender. Sy vra toe hoekom, toe vertel ek haar dis omdat hulle gebraaide hoender daarvan maak. Sy stuur my toe terug na die hoof se kantoor. Hy het weer gelag en gesê ek moet dit nie weer doen nie. Ek verstaan nie. My ouers het my geleer om eerlik te wees, maar my onderwyseres hou nie daarvan as ek is nie.

Vandag vra die onderwyseres ons watter beroemde persoon ons die meeste bewonder. Ek het geantwoord Kolonel Sanders. Raai waar is ek nou!



# BUFFER- PLAKKERS



**My ander kar  
is 'n besem**

## se ware betekenis

### 1. "I ♥ horses":

Ek hou van perde. Hoofsaaklik omdat ek soos een lyk. My naam is Sally-Anne Stepforth-Humphries, ek bly in Kommetjie en ry heeldag stadig in my Land Rover Discovery en irriteer die res van die mensdom met 'n tevrede trek op my dun lippe.

### 2. "Skoolwapen":

Ek was in 'n baie middelmatige skool in 'n dorp waarvan jy nog nooit gehoor het nie. Maar om daarvoor te kompenseer is my kinders in 'n "topskool" (sien Grey/Affies/Paul Roos). Ek leef myself uit deur hulle.

### 3. "Republic of Hout Bay":

Ek is baie soos my vriendin Sally-Anne van "I ♥ Horses-faam". Ons het vyf jaar gelede uit Gauteng uit Kaap toe getrek en nou is ons groter Kapenaars as enige gebore Kapenaar. Hoekom? Want ons bly in 'n vrekduur huis in 'n eksklusiewe landgoed - die eksklusiewe *Hauwt Bhay*. Die enigste probleem is natuurlik is die Imizamu Yethu-plakkerskamp reg in die middel van *Hauwt Bhay*. My suur gesig agter die stuur van my Range Rover? Dis eintlik uit vrees vir "hulle".

### 4. "JKA Karate":

My naam is Jannie en ek is 'n vrekbang ou. So ek hoop (nee, maak dit bid) dat jy die plakker sal sien en dink: "Sjoe, hierdie ou is so vrot van die karate selfs Chuck Norris volg hom op Twitter!" Die waarheid is dat almal kan sien jy lyk soos die gemas-kerde Sopbeen. Jy boesem geen vrees in nie. Mense moer jou nie, want hulle kry jou jammer.

### 8. "All Blacks":

Hallo, my naam is Angelo en ek was nog nooit in Nieu-Seeland nie. Ek is gebore in Kaapstad met Maleise, Duitse (ons almal het mos 'n *Duitse* oupa, hehehe) en 'n bietjie ander bloed. Maar ek glo "ons" het 'n spesiale band met die Maori's. Hoekom? Want ons lyk mos presies dieselfde. Al is hulle twee keer so groot, drie keer so vinnig en eintlik Polinesiërs. Ons velkleur is dieselfde en dís waaroor nierassisme gaan. O ja, en ek's te blerrie dom om die ironie hierin te snap.

### 9. "I'd rather be golfing/surfing/bowling":

Ja dis duidelik dat ek eintlik op 'n ander plek wil wees en myself teen my sin agter die stuur van 'n voertuig bevind. Daarom is ek deur die blarek, kruip ek in die regterbaan en hou almal agter my op, ignoreer al drie my truspieëls, weier om my flikkerligte te gebruik en parkeer ek soos 'n skarminkel.

### 10. "Mom's Taxi":

Ek is belangrik omdat ek kinders rondry. Dis 'n moerse verantwoordelike werk, want kinders is kosbaar, oukei? Dis hoekom ek heelyd op my selfoon twak praat terwyl ek bestuur, rem en afdraai sonder om flikkerligte te gebruik en nooit wegtrek nie, selfs al het die driefase-verkeerslig se groen pyl al 10 sekondes gelede begin

As jy dink gholf is 'n sportsoort wat jou help om te ontspan, speel jy dit nie reg nie.

- Bob Hope



## Murphy se groot raaisel

Murphy, 'n meubelhandelaar van Dublin, het Parys toe gegaan om te kyk wat hy daar kan kry om sy besigheid mee uit te brei en het 'n hele paar stukke aangekoop.

Om sy nuwe aankope te vier, gaan hy toe na 'n klein bistro vir 'n glas wyn. Terwyl hy sit en drink het hy opgelet dat die plek klein en baie vol is. Die sitplek regoor hom was die enigste leë een in die bistro.

Kort voor lank het 'n beeldskone Paryse meisie na sy tafel gestap en iets in Frans gevra. Omdat hy nie verstaan het wat sy sê nie, het hy na die oop sitplek beduie en haar genooi om te sit.

Hy het probeer Engels praat met haar, maar sy het niks verstaan nie. Na 'n paar minute se gesukkel gryp hy toe 'n servet, teken 'n glas wyn op hom en wys dit aan haar.

Sy het geknik en hy het vir haar wyn bestel. 'n Rukkie later het hy nog 'n servet opgetel en 'n bord kos geteken. Weer het sy geknik.

Hulle het toe die bistro toe verlaat en in 'n stil kafeetjie met romantiese musiek gaan sit.

Nadat hulle geëet het, het Murphy twee dansende mense op 'n servet geteken. Sy het geknik en hulle het gedans totdat die orkes opgepak het.

Terug by hul tafel het die jong meisie 'n servet opgetel en 'n prentjie van 'n hemelbed geteken.

En tog vandag toe kon Murphy nog nie uitwerk hoe sy geweet het hy werk in die meubelbedryf nie.

## Groot skade

'n Baie suksesvolle prokureur parkeer sy spiksplinternuwe Porsche Turbo 911 voor sy kantoor, reg om by sy kollegas te spog.

Net toe hy uitklim, kom 'n lorry woes in die pad af, gly en skeur die kar se deur heeltemal af.

Gelukkig is daar 'n polisieman naby genoeg om te sien wat gebeur en hy trek agter die deurlose Porsche in met flitsende ligte.

Voordat die polisiemanegter enige vrae kan vrae begin die prokureur histories skreeu oor sy kosbare Porsche, wat hy net die vorige dag gekoop het en wat nou 'n totale wrak is en al maak hulle hom reg sal hy nooit weer dieselfde wees nie.

Toe die prokureur uiteindelik 'n bietjie kalmeer skud die polisieman sy kop en sê:

"Ek kan nie glo dat julle prokureurs so materialisties kan wees nie. Jy is gefokus op jou besittings terwyl daar baie belangriker dinge is om oor bekommerd te wees."

"Hoe kan jy so iets sê? vra die prokureur verontwaardig.

"Besef jy nie dat jou arm afgeruk is nie?" vra die polisieman.

"Nee, nee, nee!" skreeu die prokureur, "My Rolex!"



### KOFFIE MAAK JOU BAIE AGGRESSIEF

Koffie maak mens beslis aggressief. Ek het gisteraand 12 brandewyne gedrink en ek was net effens geswaai en baie vrolik. My vrou het twee koppies koffie gedrink. Julle sal nie glo hoe die moer in sy was nie.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“ Die konsert kom amper tot stilstand soos die witblits hulle asems wegslaan toe hulle hulle gewone groot slukke vat.

Deur **DRIK GREEFF**

“Meneer, ek dink dis tyd dat ons personeel 'n slag konsert hou.” Bella gee kans dat haar woorde insink. Die personeel raak doodstil in die personeelkamer – soos altyd wanneer Bella een van haar skokaankondigings doen.

“Meneer, ons personeel se gees is daarmee heen. Ons is katterig en krapperig die laaste ruk. Ons moet weer 'n slag iets saam doen. So iets kan net lekker wees. Meneer sal sien.” Die jonger personeel se koppe knik opgewonde; dit klink na pret.

“Wat het jy in gedagte, Bella?” 'n Mens kan sommer hoor Meneer het al halfpad geval vir Bella se idee. Hy is al lankal bekommerd oor die personeel se gees.

“Meneer, ek het nou so gedink: ons as personeel kan gerus 'n voorprogram doen vir ons skoolkonsert.”

“Nou kom met 'n voorstel na die personeel toe. Dan besluit ons saam oor die saak.”

Mens moenie vir Bella 'n halwe kans gee nie: pouse het sy al haar planne agtermekaar. “Meneer, ons gaan 'Op Hartebeesfontein' opvoer. Dis 'n ou verhalende gedig oor 'n outydse bruilof. Wanneer die bruid se vorige kêrel en sy dronk pêle ongenood opdaag, begin die poppe dans. Meneer is die bruidegom, Frieda die bruid en Dolfie die eks en die res van julle die gaste.”

“En jy, Bella”, waag een van die kollegas dit.

“Ek is die regisseur, die souffleur, die verhoogbestuurder, die drama queen, noem my wat jy wil.

En so word Bella toe die Drama Queen. Op die verhoog swaai Bella die septer en almal dans na haar pype – Meneer inklusief.

In die personeelkamer verbeter die gemoedere oornag. Meneer is in sy skik, want in plaas van kliek en skinder word daar nou elke dag lekker gelag oor die vorige dag se repetisie. Bella is nog meer in haar skik; dit lyk asof sy vir 'n Oscar benoem is.

Oornag versprei die nuus deur die hele skool, deur die hele dorp en tot wie weet waar in die distrik: Die onnies gaan ook konsert hou! Die plekbeprekkings skiet dadelik die hoogte in en spoedig is daar te min plek. Al genade is om die konsert van die skoolsaal na die stadsaal te verskuif.

Een maand later verskyn 'Op Hartebeesfontein' as voorprogram vir die skoolkonsert. Die stadsaal is stampvol. Al wat leef en beef, is daar.

Party kinders staan selfs agter teen die muur, want hulle moes plek maak vir 'n oupa of ouma wat op die nippertjie besluit het om ook saam te kom.

Presies om sewe-uur gaan die gordyn oop. Alles verloop soos beplan, behalwe dat die spel soms onderbreek word vir onverwagte applous vir sommige spelers. Meneer is beslis een van die gunsteling: die gehoor besef skielik dat iewers in hulle eksie-perfeksie skoolhoof daar 'n ondeunde akteur skuil.

Skoolkonserte het altyd 'n paar onverwagte kinkels in die kabel en met hierdie een is dit ook nie anders nie.

Die drank waarmee hulle elke aand die onthaaltoneel geoefen het, was sommer kraanwater. Maar vir die ware Jakob besluit Dolfie dat hy maar een van sy bottels witblits kan opoffer: Dit gebeur immers nie elke dag dat hy in 'n hoofrol speel nie. Die probleem is net dat hy niemand van die witblits gesê het nie.

Die konsert kom amper tot stilstand soos die witblits hulle asems wegslaan toe hulle hulle gewone groot slukke vat. Party gaan aan die hoes. Meneer se kieste staan



sulke rooi bolle en sy oë loer benoud bo-oor sy bril soos wanneer hy sy Meneer-kyk gee. Dis eers toe Bella agter die gordyn uitspring en hom 'n helse hou agter die blaaie gee en hy die witblits bo-oor Mevrouw en die ander eregaste in die voorste rye uitspoeg dat hy weer tot verhaal kom.

"Speel! The show must go on!" sis Bella voordat sy weer agter die gordyn verdwyn.

**M**aar dis nog nie die einde van al die drama nie. Miskien was dit die witblits wat Meneer se oordeel 'n bietjie aangetas het, of miskien het Meneer hom net te diep in sy rol ingeleef. Miskien was dit dat Dolfie, die kastige vorige kêrel, met die hulp van die witblits sy rol net so 'n bietjie té veel na Meneer se sin geniet het. Frieda, die pragtige bruid het al haar dae om Dolfie tussen die danspassies deur te systap – sy vatterige aksies is beslis nie dié wat ingeoefen is nie.

Die klimaks van die verhaal is 'n (skyn-)vuisgeveg tussen die bruidegom en die vorige kêrel wat so by die bruid aanlê. Maar nou ja, kom ons gee maar die witblits die skuld, want dan kan Dolfie immers nie vir Meneer aankla van aanranding nie.

Wat 'n kastige houtjie moes wees, is 'n allemintige uitklophou wat Meneer teen Dolfie se ken plant. Hy slaan neer soos 'n os: uit soos 'n kers.

Nog is het einde niet. Die hele saal sit in geskokte stilte. Was dit net goeie toneelspel of was dit 'n goeie vuishou?

**KAMMANUUS verskyn weer op 7 JULIE**